

# ATKV-LIDMAATSKAPVOORDELE

## Beste ATKV-lid

By die ATKV is taal en kultuur die as waarom alles draai ... Goed geolie met eindelose interessantheite vir musieklikes, kultuurlikes, leergieriges en nuuskieriges - en 'n lorrievrag lekkertes vir plesieriges! Baie dankie vir die waardevolle bydrae wat u as ATKV-lid lewer om Afrikaanse taal, kultuur, kennis en kreatiwiteit onmisbaar en aktief deel van nasiebou, versoening en 'n suksesvolle Suid-Afrika te maak.

## Boekbohaai

Boekbohaai is een van die ATKV se gewildste ledevoordele. In samewerking met Exclusive Books kry ATKV-lede groot afslag op lekker leesstof.

## Die ATKV-personeelskema

Al die voordele van ATKV-lidmaatskap is nou beskikbaar in die korporatiewe sfeer. Met die ATKV se nuwe personeelskema kan besighede ook die vrugte van ATKV-lidmaatskap pluk. Sluit vandag jou besigheid en personeel by die ATKV aan! Afhangend van die hoeveelhede personeel op die skema, word 'n persentasie van die ledeslag as krediet gehou om aangewend te word by enige van die ATKV se sewe spogoorde vir konferensies, spanbougelentehede en so meer.

## Vennootskappe

Die ATKV is dankbaar om te kan hande vat met ons strategiese vennote en só ook ekstra voordele vir ons lede te beding. Hou ons webwerf en sosialemediablaaie dop om uit te vind as nuwe vennote by hierdie uitgelese geselskap aansluit.



vennotenavrae@atkv.org.za

## ATKV-projekte

Die ATKV roem hom op sy indrukwekkende versameling jaarlikse projekte, waarvan heelwat al vir dekades jonk en oud vermaak en met waardevolle vaardighede toerus. ATKV-Redenaars, ATKV-Debat, ATKV-Tienertoneel, ATKV-Tjokkertoneel, ATKV-Apploos en al ons ATKV-DigiProjekte maak 'n werklike verskil in die lewens van Suid-Afrika se jeug.

## Taalgenoot en Nuusgenoot

Ons maandelikse elektroniese nuusbrief, *Nuusgenoot*, verseker dat jy altyd op die hoogte bly van ATKV-nuus, terwyl *Taalgenoot*, ons bekroonde kwartaallike glanstydskrif, 'n in-diepte blik bied op sake wat jou raak - daarby nog in 'n pragtige formaat wat tuis is op enige koffietafel. *Taalgenoot* is boonop ook onlangs vir die vyfde keer deur die Suid-Afrikaanse Publikasieforum aangewys as die beste korporatiewe tydskrif!

## ATKV-oorde

Gepraat van ons wondertlike oorde: Moenie vergeet om jou e-pos en SMS'e dop te hou om uit te vind van promosies en spesiale aanbiedinge by ons sewe ATKV-oorde regoor die land nie! Daar is eenvoudig nie 'n lekkerder plek waar jy kan uitspan as 'n ATKV-oord nie.

## Die ATKV-Woekerfonds

Gemeenskappe bly die spil waarrondom al die ATKV se aktiwiteite draai. Met die ATKV-Woekerfonds bied ons volhoubare ondersteuning aan projekte wat erfenis vier, lees bevorder en kinders met hul voorskoolse ontwikkeling bystaan. Ons het jou hulp nodig! Kom woeker saam met ons en help om 'n leeftyd se verskil te maak. Jou bydrae - klein of groot - gaan ons lewende erfenis uitbou en beskerm, die wêreld van woorde en stories aan kinders bekendstel en vir kleuters tussen drie en ses jaar die geleentheid gee om die fondament te lê vir 'n beter toekoms.

**Vir meer inligting oor die Woekerfonds se werksaamhede, stuur 'n e-pos na [woekerfonds@atkv.org.za](mailto:woekerfonds@atkv.org.za). Ons is by voorbaat dankbaar vir jou onbaatsugtige bydrae!**

Besoek die ATKV se webtuiste by [www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za) of skandeer die QR-kode vir meer inligting.

